

Sondag, 14 Junie 2020
Fokusteks: Matteus 9:35 - 10:8

Daar het weer 'n olietenskip naby die kus op die rotse geloop. Die wit strande was kilometers aaneen met 'n swart laag olie bedek. Daar was ernstige skade aan die seelewe.

Die vrou met die oop hart vir mens en dier was al vroegoggend die volgende môre by die see, kniediep in die water. Elke oliebesmeerde seevoël wat sy kon bykom, is kant toe gebring en sorgvuldig skoongemaak. Maar dit het na 'n hopelose taak gelyk: Vir elkeen wat gehelp is, was daar dosyne ander wat hulpeloos in hul swart oliejasse rondgespartel het. Dag vir die dag het die vrou voortgegaan, al was die vordering skynbaar minimaal. Later het 'n klomp skoolkinders haar kom help, maar steeds was die aantal besmeerde seevoëls en pikkewyne nimmereindigend.

Een middag vra 'n siniese toeskouer: "Hoekom gee julle nie maar die stryd gewonne nie? Watter verskil kan julle moeite tog maak aan 'n ekologiese ramp van dié omvang?" 'n Jong seun het die antwoord gegee. Terwyl hy 'n seemeeu met wit gewaste vlerke die lug in stuur en dié koers kry oor die see, roep hy uit: "Dit maak 'n verskil vir dié een!" (Bron: *Stories vir die lewe-Omnibus*, Lux Verbi, Kaapstad, 2002)

Soos wat die vrou se hart oop was vir die oliebesmeerde seevoëls, so was Jesus se hart ook oop, veral vir mense in nood. Sy koms na die aarde is gekenmerk in die manier waarop Hy by mense se nood betrokke geraak het en uitkoms gegee het. Hy het nie net mense jammer gekry nie, maar daadwerklik iets daaraan gedoen. Dit word bevestig in Mat.9:35,36

³⁵Jesus het al die dorpe en klein plekkies besoek. Hy het die mense in hulle sinagoges geleer, die evangelie van die koninkryk verkondig en elke soort siekte en kwaal gesond gemaak.

³⁶Toe Hy die menigtes sien, het Hy hulle innig jammer gekry, want hulle was moeg en hulpeloos soos skape wat nie 'n wagter het nie.

Die Griekse woord wat met "innig jammer gekry" vertaal is, beteken letterlik dat jou ingewande in beroering kom. Dit is 'n sterk gevoelsuitdrukking om die reaksie van Jesus te beskryf. Mense se nood raak Hom emosioneel baie diep. Dit het Hom in beweging gebring om iets daaraan te doen. Wat is die nood wat Jesus in beroering gebring het? Net in Mat.8 & 9 kry ons alreeds 'n hele klomp voorbeelde van Jesus se omgee vir mense.

Hy het die siekes jammer gekry en hulle gesond gemaak, bv. die melaatse man (8:1-4) en die offisier se slaaf wat baie pyn verduur het (8:5-13). Hy het Petrus se skoonma se hoë koors genees (8:14-17). Hy het mense verlos wat deur beseerde geeste getreiter is (8:28-34). Hy genees 'n verlamde man (9:1-8) en wek die dooie dogter van 'n raadslid op (9:18, 23-25). Hy het die blindes laat sien (9:27-31) en duiwels uit 'n stom man gedryf (9:32-34). Dit is 'n duidelike bewys van Jesus se ontfermende liefde vir die mens.

Ons lees ook in v.36 dat Jesus hulle innig jammer gekry het omdat hulle soos 'n trop moeë en hulpelose skape was, sonder 'n wagter. Dit is heel waarskynlik 'n inspeeling op die onvermoë van die geestelike leierskap, die Fariseërs en Wetgeleerdes, om mense daadwerklik in hul nood by te staan. Die ongenaakbare toepassing van al die godsdienstige wette en regulasies het 'n swaar las geword om te dra. Daar was geen vreugde om die Here te dien nie. Die Fariseërs het doodgewoon net nie dieselfde ontferming en genade soos Jesus bewys nie. Jesus het nie 'n meerderwaardige houding gehad nie. Hy het nie neergesien op die mense in nood nie, maar Homself volledig gegee om hulle tot diens te wees. Die Fariseërs het dikwels met veroordeling en veragting na mense gekyk en hulle as't ware afgeskryf. Maar Jesus sien potensiaal in hulle raak. Daarom lees ons verder:

³⁷Hy sê toe vir sy dissipels: "Die oes is groot, maar die arbeiders min. ³⁸Bid dan die Here aan wie die oes behoort, om arbeiders uit te stuur vir sy oes."

10 Jesus het sy twaalf dissipels nader geroep en hulle mag gegee om onrein geeste uit te dryf en om elke soort siekte en kwaal gesond te maak.

²Die name van die twaalf apostels was: in die eerste plek Simon, wat ook Petrus genoem word, en sy broer Andreas; ³Jakobus seun van Sebedeus, en sy broer Johannes; Filippus en Bartolomeus; Tomas en Matteus die tollenaar; Jakobus seun van Alfeus, en Taddeus; ⁴Simon die Kananeër, en Judas Iskariot wat vir Jesus verraai het.

Ons kan maar sê Jesus was die eerste Sendeling wat na die wêreld gekom het. Hy word deur die Vader gestuur om die goeie nuus van verlossing en nuwe lewe aan te kondig. Hy demonstreer die goeie nuus deur al die dade van omgee en liefde. Maar hier sien ons dat Jesus sy dissipels roep tot medewerkers, medesendinge. Hy verwag van hulle om uit te gaan en dieselfde ontferming en barmhartigheid teenoor mense te toon soos wat Hy dit gedoen het. Deur hulle diens word die liefde van God vir die mense konkreet en prakties in hulle lewe ingedra. Dit kan alleen gebeur as hulle self deur daardie liefde aangeraak is en op hulle beurt in hulle eie lewe die liefde van God vir die mense afbeeld.

Wie is die twaalf dissipels wat deur Jesus uitgestuur word? Daar is ten minste twee dinge wat ons oor hulle kan sê. Eerstens, hulle was doodgewone mense. Dis interessant dat Jesus nie 'n groep gekies het uit die hooggeleerde Fariseërs en Wetgeleerdes nie. Nee, God soek nie buitengewone mense nie, maar gewone mense wat die gewone dinge buitengewoon goed doen deur sy krag. Jesus kyk op 'n ander manier na iemand se potensiaal. Hy sien ook raak hoe Hy iemand kan gebruik wat deur sy liefde aangeraak en verander is. Neem maar vir Paulus as voorbeeld. Dit is nie Paulus se goeie opvoeding en geleerdheid wat hom 'n goeie sendeling gemaak het nie. Trouens, hy het aanvanklik die gelowiges vervolg. Dit was eers na sy kragdadige bekering dat hy, as 'n totaal nuwe mens, 'n kragtige werktuig in die hand van die Here geword het.

Tweedens was hulle 'n eienaardige groep mense wat normaalweg nie almal met mekaar sou assosieer nie. Daar is o.a. Petrus, die voortvarende een wat te vinnig praat en nie altyd mooi dink wat hy sê nie. Ons sal hom ook onthou vir die verloëning van Jesus. Judas Iskariot sou Jesus verraai. Dan is daar twee ander wat eintlik vyande van mekaar behoort te wees. Die een is Matteus, wat 'n tollenaar was en dus namens die Romeinse regering belasting ingesamel het. Sulke mense is as meelopers van die Romeinse beskou en was glad nie gewild nie. Aan die ander kant was daar Simon, die fanatikus. Hy het tot die Selote-party behoort, ook bekend as Kananeërs. Hulle was 'n ekstremistiese Joodse party wat hulle daarvoor beywer het om teen die Romeinse oorheersing op te tree. Hulle was besonder gesteld op die beskerming van die Joodse godsdienste en het alle vorme van ontheiliging teengestaan. Hulle godsdienstige ywer en patriotisme het tot bloedige botsings en gevegte met die Romeinse owerheid gelei. Kan jy dink hoe Matteus, die tollenaar en meeloper van die Romeine en Simon, die vegter teen die Romeine, met mekaar moes klaarkom? Maar Jesus kan vyande met mekaar verenig tot 'n gemeenskaplike doelwit. Dit was 'n uiteenlopende groep mense. Deur hulle aan Hom vas te bind, bind Hy hulle ook aan mekaar – en dit is vandag nog so.

Tot nou toe was hierdie groep geroep om Jesus te volg, maar van nou af word hulle gestuur. Hulle gaan nou uit om die wat moeg en hulpeloos is te bereik. Wat moet die dissipels van die Here gaan doen? Ons lees dit in 10:5-8

⁵Jesus het hierdie twaalf uitgestuur en die volgende opdragte aan hulle gegee:

"Moenie met 'n pad na die heidennasies toe afdraai nie en moenie in 'n dorp van die Samaritane ingaan nie. ⁶Gaan liever na die verlore skape van die volk Israel toe. ⁷Gaan verkondig: 'Die koninkryk van die

hemel het naby gekom.¹⁸Maak siekes gesond, wek dooies op, reinig melaatses en dryf bese geeste uit. Julle het dit verniet ontvang, gee dit ook verniet.

Jesus se instruksies is hier gerig op bediening aan die skare wat soos skape sonder 'n wagter is. Daarom leer Hy die apostels om eers op die verlore skape van Israel te fokus, 'n opdrag wat aan die einde van die evangelie na alle nasies uitgebrei word - *Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels...* (Mat.28:19).

In v.8 word 'n hele paar take genoem - dis alles take van herstel. Siekes word gesond gemaak waar ons mense versorg, mense bemoedig, mense in gemeenskap insluit en vriendskap betoon. Daar is baie doodsheid wat ons deur liefde en genade kan herstel, selfs al wek ons nie – soos Jesus – letterlik dooies op nie. Wat bese geeste betref, moet ons dink aan sistemiese boosheid soos geweld, materialisme, haat, rassisme en die skep van verdeeldheid.

Die dissipels word bemaagtig met dieselfde krag waarmee Jesus opgetree het, maar dit bly steeds God se mag en God se oes. Wat hulle ook al in die toekoms sou doen sal in die Naam van Jesus wees, en deur die krag van die Heilige Gees. Die dissipels se boodskap en dae moet Jesus se bediening van lering en dae naboots. Hulle moet gaan praat en doen net soos Jesus gepraat en gedoen het. Tot op hierdie punt in die evangelie het die dissipels soveel van Jesus ontvang. Nou leer hulle dat hulle ontvang het om te kan gee. Hulle is geseën sodat hulle tot 'n seën kan wees. Hulle het gekyk hoe Jesus mense bedien, nou begin hulle om dit saam met Hom te doen. Dit sou die voorbereiding wees vir hul toekomstige taak, wanneer die goeie nuus na al die nasies gebring sou word.

Wanneer Jesus ons roep om sy kinders te wees, ontvang ons meer as wat as ooit kon dink - vergifnis, verlossing, vrede, omgee en liefde. Jesus sê in v.8 - *Julle het dit verniet ontvang, gee dit ook verniet*. Wat ons ontvang het, moet ons uitdeel. 'n Gemeente bestaan ook uit 'n uiteenlopende groep mense, net soos die dissipels van Jesus. Maar Jesus bind ons saam tot 'n geloofs familie, broers en susters. Hy skenk ons sy gawes sodat ons dit tot voordeel van mekaar en ander mense kan gebruik. En Hy maak ons bekwaam om met woord en daad te getuig en die goeie nuus te verkondig. Jesus se genade het ons bereik, sodat ons deur deelname aan Jesus se sending die wêreld kan bereik.

Jesus se sendingopdragte is vandag nog net so aktueel. Net soos aan sy destydse dissipels, nooi Hy ons vandag ook nog om deel te word van sy sending na die wêreld. Jesus se sending word gemotiveer deur sy diepe meelewing met mense in nood. Mag die Heilige Gees dieselfde gesindheid by ons wek.

Die teoloog, Flip Theron, het geskryf:

Waar iemand ook al op aarde, in die Naam van Christus in die hemel, probeer om diens te lewer; probeer om van hierdie wêreld 'n leefbaarder, vriendeliker, veiliger plek te maak, is die Heilige Gees besig om midde-in die winter van hierdie wêreld lentebloeiels te laat bot, tekens wat verkondig: God se somer kom!

Gebed

Here, maak my soos die barmhartige Samaritaan wat nie soos die priester en die Leviet by die gewonde man verbygestap het nie, maar gestop het en hom met deernis versorg het. Maak my gewillig om u groot opdrag uit te voer en so deel te neem aan die heerlike werk van u koninkryk. Open my oë vir mense in nood en leer my om die liefde van Christus vrymoedig in woord en daad te deel.

Amen